



Vir Oreo, jou onverskrokke volharding  
om bal te speel is so indrukwekkend, dit  
verdien 'n opdrag in 'n storieboek! En dit  
maak op vir al die foto's wat ek NIE van jou  
op Instagram plaas nie omdat  
jy altyd vuil is.

- CS

Aan Mila, want sy verstaan goed  
van hondjies (Olaf) wat nie so maklik  
maniere leer nie!

- EB

*Lea lief honde: Hik, hik, hoera!*

© Publikasie: LAPA Uitgewers (Edms.) Bpk.  
Bosmanstraat 380, Pretoria  
Tel.: 012 401 0700  
E-pos: lapa@lapa.co.za  
© Teks: Cecilia Steyn 2020  
© Illustrasies: Elanie Bieldt 2020

Geset in 13 pt op 18 pt Goudy Children  
Letterwerk op omslag deur Zinelda McDonald  
Grafiese uitleg deur Full Circle  
Gedruk en gebind deur Novus Print, 'n afdeling van Novus Holdings

Eerste druk 2020

ISBN 978 0 7993 9797 0

© Alle regte voorbehou. Geen gedeelte van hierdie boek mag  
op enige manier gereproduseer word sonder die skriftelike  
toestemming van die kopiereghouers nie.



Hik, hik,  
HOERA!



Cecilia Steyn  
Illustrasies deur Elanie Bieldt

LAPA Uitgewers  
[www.lapa.co.za](http://www.lapa.co.za)



# 1

## Nuwe bure

“Sit ... sit ... sss...” Ek hou my vinger in die lug soos juffrou Van Aarde wanneer sy met ons raas. “Hik, nee!” roep ek, maar Hik spring op.

Sommige mense sal dalk dink hy is die lelikste hond op aarde, maar nie ek nie. Hik het sout-en-peper-kleurige steekhare. Sy oë is pikswart. Ek vermoed hy het by Ma beland omdat niemand hom wou gehad het nie. Hik is deur ’n dierereddingspan uit ’n hondemeule gered en Ma moet nou ’n besluit oor sy toekoms neem.

“Hik!” raas ek weer kamma kwaai.

As hy net wil fokus!

Ek probeer hom ’n paar basiese bevele leer, maar dit is verniet. Nadat Lola, my sussie, vanoggend een van Hik se glipsies in haar nuwe skoene gekry het, was ek in groot moeilikheid.

“Hik het in my tekkies gemors!” het sy gekla.

“Lea, as jy die hond wil hou, moet jy hom maniere leer,” het Ma geraas.

Ek het Ma belowe ek sal. Sit en lê tel nou nie as maniere nie, maar dis ’n begin. “Jy het net



een week,” het Ma kwaai gesê. “Jy sal vir my moet wys jy is gereed om ’n hond te besit. Anders soek ek en Peet verder vir hom na ’n aanneemhuis.” Dit kan nie gebeur nie. Ek is klaar te lief vir hom.

Ek het belowe dat ek hom mooi sal leer. Maar op die internet het hulle gesê dit sal ses weke vat! Ek het net een. As Hik ook net die erns van die saak wil insien, maar sy stert is op die oomblik die aantlokklikste ding op aarde.

Ek kan nie help om te lag nie. Hy lyk so oulik terwyl hy in sirkels agter sy stert aanhardloop.

Ek klap my vingers om weer Hik se aandag te kry. “Hik, komaan! Sit ... sss...” sê ek. Maar daar trek Hik. Hy kruip onder ’n struik weg en blaf.

“Ons speel nie nou wegkruipertjie nie, Hik, komaan,” raas ek. Wegkruipertjie is my en Hik se gunstelingspeletjie. Maar gewoonlik is ek die een wat wegkruip, dan moet hy my kom soek. “Kom! Jy moet leer sit. Anders ... anders ...”

Ag. Ek wil nie eers daaraan dink dat ek hom sal moet weggee nie!

Toe lag iemand aan die ander kant van die muur.  
Vir my?

Ek frons. Hik hardloop onder die struik uit, vies omdat ek hom nie kom soek het nie. Hy bokspring na waar die stem vandaan kom, maar voordat hy daar uitkom, ruk sy kop agtertoe. Hy sien sy stert

en toe is dit verby. Hik het klaar weer vergeet waarmee hy besig was. Miskien het hy 'n goudvis se geheue.

“Dit sal help as jy hom iets gee om voor stil te sit,” sê die stem. Ek kom regop en kyk of ek kan sien wie praat. Maar al wat ek sien, is die lae muur tussen ons en die bure.

Ek loop nader en loer oor die muur.

“Nè, Noedel?” Toe kry die stem 'n gesig. Tussen die struik en plante kom 'n meisie met ligbruin krulhare regop. By haar voete sit die vetste Skotse skaaphond wat ek nog gesien het. Noedel? Hy is seker na iets anders as pasta vernoem want 'n stukkie spaghetti is hy beslis nie.

“Hallo,” sê die meisie. “Ek is Hazel. En hierdie is Noedel.”

Ek tel vir Hik op. “Hallo. Ek is Lea.” Hik lek my ken. “En hierdie is Hik.”

“Hik? Dit is 'n oulike naam,” sê Hazel. Net toe sy dit sê, begin Hik hik. Hazel lag. “Ons is julle nuwe bure.”

Ek wonder wanneer hulle ingetrek het. Dalk toe ons in die Kaap by die akwarium was? Wag tot Nikita, my beste vriendin, hoor ons het nuwe bure! Sy en haar familie hou nog vakansie.

“Is jy nie die meisie wat in die koerant was nie?” vra Hazel.





Ek voel hoe my wange skielik brand. Ek het al amper daarvan vergeet. Ek sluk skaam. “Dit was ek, ja.”

“Sjoe. Dan bly ek sommer nou langs iemand wat beroemd is,” sê Hazel.

Ek maak ’n waaibeweging met my hand. “Diere is belangrik vir my. Ek wil eendag die wêreld se beste veearts word,” sê ek net toe Hik uit my arms spring, regoor die lae muur. Hyporhamphus!

Hik hardloop al om Hazel se bene. Noedel speelblaf vir Hik. Die twee begin oor Hazel-hulle se grasperk hardloop. Nie heeltemal hardloop nie, Noedel waggel eintlik.

“Lyk vir my hulle gaan goeie maats wees,” sê Hazel. “Ek sal jou wys hoe jy vir Hik kan leer sit.”

Ek glimlag breed. Ek dink ek en Hazel gaan ook goeie maats wees.



## 2

# Sit, sit, so

Die volgende oggend sê Pa dat Hazel en Noedel by my en Hik mag kom kuier.

Maar eers is dit tyd vir Mona se verband om af te kom. Mona is 'n swart kat met drie pote. Ons vermoed 'n kar het haar raak gery. Ma moes haar een voorpoot amputeer. Ma wou eers nie, maar toe sy sien hoe geheg Mona aan my is, het sy besluit ek mag haar hou. Na wat sy deur is, verdien sy 'n goeie huis.

Ek en Hazel los die honde buite. Hulle kan speel terwyl ons kyk hoe dit met Mona gaan.

“Wow,” sê Hazel. “Jou kamer lyk soos 'n regte spreekkamer!” Hazel kyk na al die plakkate van diere teen my mure. Sy trek haar neus op 'n plooi toe sy in Tor, my iguana, se terrarium loer. Net soos Lola, my sussie, altyd maak. Maar sy glimlag toe sy vir Snoet, my krimpvarkie, in 'n bolletjie in die son sien lê.

Ek tel vir Mona op die lessenaar. Vandag is dit my ondersoektafel. Ek het klaar een van Ma se ou handdoeke daaroor gegooi.

“Hierdie is Mona,” verduidelik ek.

“Ag siestog,” sê Hazel. “Wat het met haar gebeur?”

“Ma dink ’n kar het haar getrap. Sy het nou net drie pote.”

“Dis vreeslik.”

“Nee, wat,” sê ek. “Sy het so goed aangepas.” Ek hou ’n speelmuis voor Mona se neus. Vrolik spring sy op en kap die muis met haar voorpoot. Toe sy hom vang, draai sy op haar rug en gryp die muis met haar agterpote ook vas.

Hazel lag. “Oulik,” sug sy.

Ek vat eers die muis by Mona sodat ek my ondersoek kan klaarmaak.

“Kom, laat ons sien,” sê ek. Versigtig draai ek Mona se verband af. Die wond waar haar pootjie afgesit is, lyk gesond. Haar pels is al klaar besig om daaroor te groei. Ma het gister gesê die verband kan vandag afgehaal word en dat ek dit mag doen. “Nou kan die verband af bly,” sê ek vir Mona en hou haar teen my vas. Sy gaap asof sy eerder nou in die son wil gaan lê. Ek sit vir Mona op my bed neer en ek en Hazel gaan buitentoe.

“Kom, Noedel!” roep Hazel. “Sit.”

Noedel kom sit gehoorsaam langs Hazel se voete. Sy gee vir Noedel ’n beenvormige koekie om te eet omdat sy so mooi luister. Ek frons. “Dis haar gunsteling,” verklap sy. “Grondboontjiefotter.”

Is dit hoekom sy so oorgewig is? Ek moet onthou om vir Ma te vra.

“Nou is dit jou beurt,” sê Hazel en hou ’n koekie na my toe. Ek vat dit by haar en draai na Hik.

“Sit, Hik,” sê ek, maar Hik gaan lê op sy rug. Dan wriemel hy asof iemand besig is om hom te kielie. “Hik, sit,” probeer ek weer.

“Die geheim is om die bederf bo sy neus te hou ... so,” sê Hazel en hou ’n koekie bo Hik se neus. “Wanneer hy sy kop oplig, sal sy boude sommer self sak. Sien jy?”

Sowaar! Ek kan my oë nie glo nie.

“Sodra sy boude die grond tref, moet jy hom prys en sy koekie gee,” verduidelik Hazel. “Maak net seker sy boude is nog op die grond as jy hom vergoed. Anders leer hy dis oukei om dadelik weer op te staan.”

“Oukei,” sê ek.

Toe ek dit regkry, sê Hazel: “Mooi so, Hik.” Hy wys tande asof dit nog ’n koekie aan hom sal besorg.